Christelike Biblioteek

# Gelukkig Is Jy Met Jou Wingerdstok En Olyfboompies

“Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien ... Jou vrou is in jou huis soos ’n vrugbare wingerdstok, jou seuns is rondom jou tafel soos jong olyfboompies” (Ps. 128:1, 3)

## Seën op jou handewerk. Tel jou seëninge

En begin tuis - by jou werk en in jou huis!

Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen.

“Die vrug van jou arbeid sal jy geniet, gelukkig en voorspoedig sal jy wees.”

Kyk maar hoe die Here jou handewerk geseën het en hoe Hy jou en jou gesin versorg het en nog steeds elke dag versorg.

En moenie kla nie, maar dank Hom vir sy genade ook in die stoflike lewe.

## Jou vrou ’n wingerdstok

En let op die vrou wat die Here jou gegee het.

*Volg haar gange binne-in jou huis.*

*Die digter van Psalm 128 het nog nie geweet van vroue wat “uitwerk” nie.*

*Hy het die vrou nog “in jou huis” gesoek.*

*Daar is sy die middelpunt - die koningin van haar koninkrykie.*

Daar is sy die hart waarom alles draai.

Sy wag jou daar in - met die liefde van haar hart. Ook met jou kinders se vreugdetjies en verdriet leef sy mee.

In jou huis vind jy verkwikking en nuwe krag - geesteskrag om blymoedig voort te gaan met jou daaglikse werk.

Vir haar kan jy sweet en swoeg sonder om moeg te word of te kla, want sy is die gawe van die Here aan jou.

Sy is edel en vrugbaar soos die wingerdstok.

*“Soos ons met welgevalle die wingerdstok aanskou,*

*en tel die trosse talle wat ons die blare ontvou -*

*so sal sy in jou lewe, die huisvrou van jou jeug,*

*aan jou die volheid gewe van huislike vreug.”*

Die hulp wat by jou pas is die beste wat jy op aarde besit. Bekyk haar met ’n dankbare hart en aanvaar haar met liefde as jou eie vrou.

> *“So behoort die mans hulle eie vroue lief te he soos hulle eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente” (Ef. 5:28, 29)*

So is die kosbare wingerdstok binne-in jou huis.

En dit is goed - dit is seën van bo. Prys die Here vir haar!

## Kinders soos olyfboompies

Dit is etenstyd!

> *Die kinders word geroep en sit rondom die tafel. Wat ’n genade die kinderseën!*
>
> *Elkeen van hulle is afsonderlik gawe uit die hand van jou Hemelse Vader.*
>
> *Hy het elkeen gemaak met sy of haar eie patroon en geaardheid.*
>
> *In die tyd waarin Psalm 128 geskryf is, was daar gewoonlik baie kinders om die etenstafel.*
>
> *Dit was ’n gelukkige en dankbare gesin.*
>
> *Ongelukkig word kinders deesdae meer en meer as “oortollig” en “las” beskou.*
>
> *Ekstra mondjies om met die smaaklikste kos te voed en liggaampies om die beste en mooiste klere aan te trek.*

Gelukkig is die man en vrou wat kindertjies ontvang van die Here.

Gelukkig is jy wanneer jy in jou huis sit en hulle een vir een bekyk en die Here in jou hart prys vir hulle.

> *Jy het alle rede om gelukkig te wees.*
>
> *Jy is soos ’n koning met jou koningin aan jou sy en koningskinders rondom jou tafel.*

Olywe is ’n edel vrug en olyfboompies is die moeite werd om te besit en op te kweek soos plante in hulle jeug.

En die allergrootste geluk is dat jy en jou vrou die kinders rondom die tafel die Here saam dien, want julle behoort aan Hom. So word die huistafel ook die huisaltaar met die oopgeslane Boek in julle midde.

Jy en jou vrou en jou kinders is duur gekoop - nie met goud of silwer nie, maar met die kosbare bloed van die Lam van God.

En wanneer jy oud word, sien jy hulle weer as gelukkige vaders en moeders.

En jy verbly jou in jou kleinkinders.

Ook dit is ’n seën van God.

> *“Mag die Here jou uit Sion dat jy jou kindskinders mag aanskou.”*

Salig is die volk met sulke gesinne.

> *Salig is die volk met wie dit so gaan.*
>
> *Salig is die volk wie se God die Here is.*

M.J. Booyens

© 2017
www.christelikemedia.org